



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LIBRARY COPY

# SENTRALE STATISTIEKDIENS CENTRAL STATISTICAL SERVICE

Steynsarkade  
Steyn's Arcade  
Schoemanstraat 274  
274 Schoeman Street  
Privaatsak X44  
Private Bag X44  
PRETORIA  
0001  
Tel.: 325-2400 (012)  
(m.l.v./w.e.f. 1988: 322-8622)  
Teleks: 320450, 320523  
Telex: 322418, 320173  
Fax: 267150  
(m.l.v./w.e.f. 1988: 3226323)



## STREEKKANTORE REGIONAL OFFICES

DURBAN  
Tel.: 305-3904

KAAPSTAD  
CAPE TOWN  
Tel.: 46-2098  
46-6940 (021)

PORT ELIZABETH  
Tel.: 52 3801/2 (041)

NELSPRUIT  
Tel.: 5-2455/6 (01511)

KIMBERLEY  
Tel.: 3-3965/6 (0531)

KEMPTON PARK  
Tel.: 33-3420/1 (011)

PIETERSBURG  
Tel.: 7-1609 (01521)

## DIE VERBRUIKERSPRYSINDEKS THE CONSUMER PRICE INDEX

P. 141-1

Desember  
December 1987

## INLEIDING

Dit is alombekend dat pryse verander en vir baie jare al gebruik statistici indekssyfers om hierdie veranderings te beskryf. Wat Suid-Afrika betref, word reeds sedert 1919 indekse bereken om die verandering in die pryse van verbruikersgoedere en -dienste te beskryf. Sekere inligting beskikbaar uit ander bronne is gebruik om van die indekse terug tot 1895 te bereken. Meer omvattende syfers word deesdae bereken en deur hierdie resultate aaneen te skakel met die vroeëre "growwe" syfers, word ons in staat gestel om aan te toon dat pryse tot dertigvoudig gestyg het sedert die begin van die eeu. Indekssyfers stel ons verder in staat om die pryse van een tydperk met dié van 'n ander tydperk te vergelyk.

## SAMESTELLING VAN DIE INDEKS

Veranderings in die Verbruikersprysindeks, soos deur die Sentrale Statistiekdiens op 'n maandelikse grondslag bereken, verteenwoordig die verandering in pryse van verbruikersgoedere en -dienste wat deur 'n "gemiddelde" Suid-Afrikaanse stedelike huishouding aangekoop word. Hierdie "mandjie" goedere en dienste is dus in 'n sekere mate fiktief aangesien daar vir die koopvermoëns en -voorkeure van alle huishoudings voorsiening gemaak moet word (byvoorbeeld, in die behuisingskomponent kom daar elemente voor vir die huur van 'n huis en die huur van 'n woonstel, sowel as vir besitkoste soos rente en eiendomsbelasting). Die sogenaamde "mandjie" is bepaal op grond van werklike bestedingspatrone wat met behulp van die 1985-opname van die uitgawes van huishoudings verkry is en sal hersien word op grond van die bestedingspatrone wat bepaal sal word met behulp van soortgelyke opnames wat in die toekoms elke vyf jaar onderneem sal word. Die waargenome bestedingspatrone bepaal derhalwe nie alleen die goedere en dienste wat in die "mandjie" ingesluit moet word nie, maar ook die

## INTRODUCTION

It is generally known that prices change and for many years statisticians have used index figures to describe these changes. Regarding South Africa, indices have been calculated since 1919 to describe changes in the prices of consumer goods and services. Certain information, available from other sources, has been used to calculate some of the indices back to 1895. More comprehensive figures are nowadays calculated and by linking these results with the previous "crude" figures we are able to show that prices have increased thirty-fold since the turn of the century. Index figures further enable us to compare prices of one period with those of another.

## COMPOSITION OF THE INDEX

Changes in the Consumer Price Index, as calculated by the Central Statistical Service on a monthly basis, represents the change in the prices of consumer goods and services purchased by an "average" South African urban household. This "basket" of goods and services is, to some extent, fictitious since provision must be made for the purchasing abilities and preferences of all households (for example, in the housing component, elements appear for the rental of a house and the rental of a flat, as well as for ownership costs such as interest and assessment rates). The so-called "basket" was established on the basis of actual expenditure patterns obtained by means of the 1985 survey of household expenditure and will be revised on the basis of similar surveys that will in future be undertaken every five years. The observed expenditure patterns thus determine not only the goods and services which should be included in the "basket", but also the relative importance or "weight" to be accorded to these goods and services. The index thus represents an endeavour to measure,

relatiewe belangrikheid of "gewig" wat aan dié goedere en dienste gegeneeg moet word. Die indeks verteenwoordig derhalwe 'n poging om prysveranderinge van die "mandjie" verbruikersgoedere en -dienste regstreeks te meet. Hierdie prysveranderinge oor die afgelope jaar word oor die algemeen as 'n maatstaf van inflasie van 'n land geneem.

Let daarop dat die woord "aangekoop" in die definisie gebruik word om daardie transaksies te onderskei van sekere tipe bestedings wat nie in die direkte aankope van goedere en dienste verteenwoordig word nie. Die belangrikste hiervan is inkomstebelasting wat in beginsel uitgesluit is, aangesien die bedrag wat aan belasting betaal word, nie verband hou met die hoeveelheid dienste van die staat wat deur 'n gegewe gesin gebruik word nie. Soortgelyke uitsluitings is lewensversekeringspremies, bydraes tot pensioenfondse en die kapitaalgedeelte van huisleningsverbandbetalings, wat vorme van besparing of beleggings is. Verder word die inhoud van die "mandjie" konstant gehou ten einde die maand-tot-maand vergelykings betekenisvol te maak.

#### DIE OPNAME VAN PRYSE

Vir doeleindes van die berekening van die indeks word die pryse van verbruikersgoedere en -dienste benodig. Aangesien dit uiters duur sal wees om byvoorbeeld pryse in te samel van alle items wat by alle kleinhandelafsetpunte verkoop word, het die Sentrale Statistiekdiens ongeveer 600 items geselekteer waarvoor daar pryse ingesamel word (versprei oor al die kategorieë en subkategorieë van die "mandjie" goedere en dienste). 'n Verteenwoordigende steekproef van ongeveer 2 000 afsetpunte is gekies van wie pryse deur middel van 'n posopname gewoonlik een keer per maand versamel word. Hierdie afsetpunte varieer van groot tot klein, voorstedelik tot middestad en sluit onder andere selfbedieningswinkels, haarkappersalonne, motorhawens, biosko-

directly, price changes for the "basket" of consumer goods and services. These price changes over the past year are generally taken to be a measurement of inflation for a country.

It should be noted that the word "purchased" is used in the definition to distinguish those transactions from certain types of expenditure which do not represent the direct purchase of goods and services. The most important of these is income tax which is excluded on principle since the amount of tax paid is not related to the quantity of government services used by a given family. Similar exclusions are life insurance premiums, pension fund contributions and the capital portion of mortgage bond repayments, all of which are forms of saving or investments. Furthermore, the contents of the "basket" are kept constant in order to make the month-to-month comparison meaningful.

#### THE SURVEY OF PRICES

For the purpose of calculating the index, prices of consumer goods and services are required. Since it would be extremely costly to obtain the prices of for instance all items sold in all retail outlets the Central Statistical Service has selected 600 items to be priced (spread over all the expenditure categories and sub-categories of the "basket" of goods and services) and has drawn a representative sample of 2 000 outlets from which prices are collected by means of a postal survey, normally once a month. These outlets range from large to small, suburban to downtown and include inter alia supermarkets, hairdressing salons, garages, cinemas and bottle stores. Approximately a quarter of a million price quotations are collected

pe en drankwinkels in. Ongeveer 'n kwart miljoen pryskwotasies word elke jaar op hierdie manier ingesamel. Addisionele inligting word verkry van munisipaliteite (eien-domstariewe en die koste van water en elektrisiteit), die Pos en Telekommunikasiewese, universiteite en ander soortgelyke instansies wat aan die publiek 'n diens verskaf asook van die Sentrale Statistiek-diens se jaarlikse opnames oor huis-, woonstelhuur en bediende-lone. Dit is belangrik om daarop te let dat die pryse wat gedurende die eerste sewe dae van die maand geld, opgeneem en in die berekening van 'n bepaalde maand se Verbruikersprysindeks gebruik word.

### BEREKENING VAN DIE INDEKS

In die berekening van veranderinge in die verbruikersprysindeks word die verandering in die prys van elk van die 600 verskillende goedere en dienste wat in die "mandjie" is, vermenigvuldig met die relatiewe belangrikheid of "gewig" daarvan. Hierdie waardes word gesommeer om subindekse vir die verskeie kategorieë van goedere en dienste soos skoeisel, meublement en openbare vervoer, te bereken. Die subindekse word op 'n soortgelyke wyse bymekaargevoeg om die Verbruikersprysindeks te lewer. Al die indekse het 'n waarde van 100 in die basisjaar en dit stel die gebruiker in staat om eenvoudige vergelykings te maak van hoe pryse relatief tot mekaar verander het.

Deur die gepubliseerde subindekse met hul onderskeie "gewigte" te vermenigvuldig en die onderskeie waardes te sommeer, sal die "alle itemsindeks" soos gepubliseer nie noodwendig verkry word nie. Die verskille wat mag voorkom, is daaraan toe te skryf dat met die implementering van die 1985-gewigte, die indekse vir 1985, 1986 en 1987 reeds op grond van die 1975-gewigte bereken en gepubliseer was en herbereken moes word op grond van die nuwe "gewigte". Dit is voor die hand liggend dat die herberekende indekse sal verskil van dié wat reeds gepubliseer is.

in this way each year. Additional information is obtained from municipalities (property rates and charges for water and electricity), Posts and Telecommunications, universities and other similar bodies which provide a service to the public, as well as from the Central Statistical Service's annual surveys on house and flat rents and servants' wages. It is important to note that the prices which are valid during the first seven days of the month, are collected and used in the calculation of the Consumer Price Index of that particular month.

### CALCULATION OF THE INDEX

In the calculation of changes in the index the change in the price of each of the 600 different goods and services included in the "basket" is multiplied by the relative importance or "weight" thereof. These values are added to arrive at sub-indices for the various categories of goods and services such as footwear, furniture and public transport. The sub-indices are added in a similar manner to obtain the Consumer Price Index. All the indices have a value of 100 in the base year and this enables the user to make simple comparisons of how prices changed relative to each other.

By multiplying the published sub-indices by their respective "weights" and by adding these values, the "all items index" as published will not necessarily be obtained. The differences which may occur are attributable to the fact that at the stage when the 1985 weights were implemented, the indices for 1985, 1986 and 1987 had already been calculated and published using the 1975 weights, but had to be recalculated using the new weighting system. It is quite clear that the recalculated indices will differ from those already published.

Aangesien die Verbruikersprysindeks algemeen aangewend word in kontraktuele en finansiële ooreenkomste, is dit wenslik om nie hersiene indekse te publiseer nie. Met die herberekening van indekse op grond van die nuwe bestedingspatroon, word die vlakke van die subindekse dus aangepas om ooreen te kom met dié wat reeds gepubliseer is deur die indekse met 'n paslike faktor te vermenigvuldig.

Hierdie prosedure kom nie neer op 'n verandering in die weging of relatiewe belangrikheid van die komponente van die indeks nie, aangesien veranderinge in die pryse van goedere en dienste nog volgens die 1985-bestedingspatroon geweeg word om die totale prysverandering vir 'n groep goedere en dienste te bereken. Die faktor word op 'n gereelde maand-vir-maand grondslag gebruik slegs om die vlak van die saamgestelde indeks (wat die totale prysverandering verteenwoordig) aan te pas, sodat dit nie die verloop of verandering in die indeks raak nie.

#### INVLOED VAN DIE 1985-GEWIGTE OP DIE INDEKS

Die gemiddelde besteding deur huishoudings aan verbruikersgoedere en -dienste wat met behulp van die 1985-opname van die uitgawes van huishoudings verkry is, dien as grondslag vir die hersiening van die relatiewe belangrikheid of "gewigte" wat aan die onderskeie goedere en dienste in die berekening van die Verbruikersprysindeks gekoppel word. Die nuwe "gewigte" is vanaf die berekening van die Verbruikersprysindeks vir November 1987 in werking gestel. Om die vlak van die indeks in ooreenstemming te bring met dié wat op grond van die 1975-gewigte bereken is, is die indeks vir Oktober 1987 herbereken op grond van die "nuwe" gewigte (1985-gewigte), wat 'n alle inkomstegroepe indeks van 138,1 lewer, teenoor 143,6 op basis 1985=100 maar wat met behulp van die ou "gewigte" bereken is. Die toepassing van die hersiene "gewigte" veroorsaak derhalwe 'n verskil

As the Consumer Price Index is widely used in contracts and in financial agreements it is not desirable to publish revised figures. When indices are recalculated based on a new expenditure pattern, the levels of the sub-indices are therefore adjusted to coincide with those previously published by multiplication, using suitable factors.

This procedure does not amount to a change in the weighting system or relative importance of the components of the index as price changes of individual commodities and services are still weighted according to the 1985 expenditure pattern to produce an overall price change for the group of commodities and services. The factor is used on a constant month-to-month basis to adjust only the level of the compound index (which represents the overall price change) so that it will not affect the trend or change in the index.

#### INFLUENCE OF THE 1985 WEIGHTS ON THE INDEX

The average expenditure by households on consumer goods and services as obtained by means of the 1985 survey of household expenditure, serves as basis for the revision of the relative importance of "weights" attached to the different goods and services in the calculation of the Consumer Price Index. The new "weights" have been implemented with effect from the calculation of the Consumer Price Index for November 1987. To adjust the level of the index to that of indices calculated on basis of the 1975 weights, the index for October 1987 was recalculated using the new "weights" (1985 weights) arriving at an all income groups index of 138,1 as against 143,6 on basis 1985=100 but which was calculated using the old "weights". The implementation of the revised "weights" thus causes a difference of 3,83% in the level of the index. The index for October, calculated

van 3,83% in die vlak van die indeks. Die indeks vir Oktober, bereken met behulp van die 1975-gewigte, gedeel deur dié een wat met behulp van die 1985-gewigte bereken is, lewer die faktor waarna vroeër verwys is. Om die invloed te bepaal wat die toepassing van die nuwe "gewigte" op die inflasiekoers het, word die verandering in die indeks tussen Oktober 1987 en Oktober 1986 beskou. Indekse op basis 1985=100 word telkens vergelyk. Oktober 1987 (143,6) vergeleke met Oktober 1986 (124,2), wat beide met behulp van die 1975-gewigte bereken is, lewer 'n inflasiekoers van 15,6% (die verskil met die gepubliseerde 15,5% is suiwer as gevolg van afronding), terwyl dieselfde vergelyking van indekse wat met behulp van die 1985-gewigte bereken is, 'n jaarlikse toenamekoers van 13,8% lewer ('n indeks van 138,1 vir Oktober 1987 vergeleke met 'n indeks van 121,3 vir Oktober 1986). Dit volg dus dat die hersiening van die "gewigte" wel die inflasiekoers tot 'n mate kan beïnvloed, veral indien die "gewig" van 'n bepaalde item(s) relatief baie verander het terwyl die prys van daardie item(s) terselfdertyd anders as dié van die ander goedere en dienste verloop het, soos wat die geval met verbandrentekoerse is.

#### INTERPRETASIE VAN DIE INDEKS

'n Indeks waarde van byvoorbeeld 195,6 impliseer dat die goedere en dienste wat in die basisjaar vir R100,00 gekoop kon word, gedurende die maand onder beskouing R195,60 gekos het; met ander woorde, dat die pryse 95,6 persent hoër is as die gemiddelde pryse gedurende die basisjaar. Die indeks waarde van 195,6 vergeleke met byvoorbeeld 193,6 vir die voorafgaande maand dui daarop dat die pryse met 1,0 persent gedurende die afgelope maand toegeneem het, terwyl dit in vergelyking met die indeks waarde van byvoorbeeld 168,1 vir dieselfde maand van die vorige jaar, daarop dui dat pryse oor die afgelope jaar met 16,4 persent toegeneem het. Die verandering in pryse oor die afgelope jaar word algemeen as die inflasiekoers aanvaar. Soos reeds

using the 1975 weights, divided by the one calculated using the 1985 weights, furnishes the factor previously referred to. To determine what influence the implementation of the new "weights" has on the rate of inflation, the change in the index between October 1987 and October 1986 is examined. Indices on base 1985=100 are compared in all cases. October 1987 (143,6 compared to October 1986 (124,2) both calculated by means of the 1975 weights, reflects an inflation rate of 15,6% (the difference with the published 15,5% is purely a result of rounding off), while the same comparison of indices calculated using the 1985 weights reflect an annual rate of increase of 13,8 (an index of 138,1 for October 1987 compared with an index of 121,3 for October 1986). It, therefore, follows that the revision of the "weights" can influence the rate of inflation to some extent, especially if the "weight" of an item(s) changed relatively much while the trend in the price of that item(s) at the same time differs from that of the other goods and services as happened with mortgage bond rates.

#### INTERPRETATION OF THE INDEX

An index value of for example 195, implies that the value of goods and services which could be purchased for R100,00 during the base year cost R195,60 during the month concerned; in other words, prices were 95,6 per cent higher than the average prices during the base year. The index value of 195,6 compared with, for example, 193, for the previous month, indicates that prices increased by 1,0 per cent during the past month, while comparison with the index value of for example, 168,1 for the same month of the previous year, reveals that prices increased by 16,4 per cent during the past year. The change in prices during the past year is generally accepted as the inflation rate. As already pointed out, the all income groups index

aangedui, het die alle inkomste-groepe-indeks, of veranderings wat daarvan afgelei word, betrekking op 'n "gemiddelde" huishouding en is dit derhalwe nie streng van toepassing op bepaalde individue of groepe individue nie.

## INKOMSTEGROEP INDEKSE

In 'n poging om 'n indeks beskikbaar te stel wat relatief meer toepaslik is op individue of groepe individue, word die Verbruikersprysindeks verder volgens inkomstegroep beskikbaar gestel en wel volgens die laer-, middel- en hoëriinkomstegroepe. Die indeks volgens inkomstegroep verteenwoordig die verandering in die pryse van die "mandjie" verbruikersgoedere en -dienste van 'n "gemiddelde" huishouding waarvan die jaarlikse inkomste gedurende 1985 in die betrokke inkomstegroep ressorteer het. In hierdie verband is die inkomste van die laerinkomstegroep minder as R8 000, dié van die middelinkomstegroep R8 000 tot R19 999 en dié van die hoëriinkomstegroep R20 000 en meer. In die bestudering van die algemene uitgawepatroon van die verskillende inkomstegroepe blyk dit duidelik dat die laerinkomstegroep 'n relatief groter deel van sy totale uitgawes aan basiese lewensmiddele bestee, terwyl hierdie verhouding weer relatief klein is by die hoëriinkomstegroep. Die laerinkomstegroep bestee, byvoorbeeld, 55 persent van sy totale uitgawes aan voedsel, klerasie, skoeisel, huishuur en openbare vervoer, terwyl die middelinkomstegroep 45 persent en die hoëriinkomstegroep slegs 28 persent van sy uitgawes aan hierdie middele bestee. Hiertaenoor beloop die uitgawes aan meer luukse middele soos huiseienaarskoste, bediendes, voertuie, vervoer (lopende koste), ontspanning en vermaaklikheid, 41 persent van die totale uitgawes by die hoëriinkomstegroep, 23 persent by die middelinkomstegroep en slegs 15 persent by die laerinkomstegroep. Omdat van die meer luukse goedere dikwels ingevoer word, kan verwag word dat veranderings in

or changes derived therefrom, refers to an "average" household and can therefore not be rigorously applied to a particular individual or groups of individuals.

## INCOME GROUP INDICES

In an effort to provide an index which is relatively more applicable to individuals or groups of individuals, the Consumer Price Index is also published according to income group, namely according to the lower, middle and higher income groups. The index according to income group represents the change in prices of the "basket" of consumer goods and services of an "average" household of which the annual income during 1985 fell under the income group concerned. In this connection, the income of the lower income group was less than R8 000, that of the middle income group R8 000 to R19 999 and that of the higher income group R20 000 and more. From a study of the general expenditure pattern of the different income groups it is clear that the lower income group spends a relatively larger portion of its total expenditure on basic needs, while this proportion is relatively small for the higher income group. The lower income group spends, for example, 55 per cent of its total expenditure on food, clothing, footwear, house rent and public transport, while the middle income group spends 45 per cent and the higher income group only 28 per cent of its expenditure on these items. Against this, the expenditure on more luxury items such as house-owner's costs, servants, vehicles, transport (running costs), recreation and entertainment amounts to 41 per cent of the total expenditure of the higher income group, 23 per cent for the middle income group and only 15 per cent for the lower income group. Because some of the more luxury goods are often imported, it can be expected that fluctuations in exchange rates will influence the

wisselkoerse die verloop van pryse met betrekking tot die hoërinkomstegroep, meer sal beïnvloed as in die geval van die ander. Benewens die relatief basiese lewensmiddele en luukse goedere en dienste, verteenwoordig die oorblywende deel van die "mandjie" ongeveer 31 per sent by al drie die inkomstegroepe. Die indekse van die verskillende inkomstegroepe weerspieël noodwendig die verskille in die samestelling van die onderskeie "mandjies" goedere en dienste.

#### INDEKS VOLGENS GEBIEDE (STEDE)

Daar word vir elk van die twaalf vernaamste stedelike gebiede in die land 'n verbruikersprysindeks bereken om sodoende vir moontlike geografiese verskille in bestedingsvoorkeure, sowel as in die verloop van pryse, voorsiening te maak. Daar moet egter op gelet word dat hierdie indekse nie die tussenstedelike vergelyking van pryspeile of "lewenskoste" toelaat nie, aangesien die vlakke vir al die stedelike gebiede gelyk gestel is aan 100 vir die basistydperk. Die indekse toon dus nie of dit duurder is om in een stad as in 'n ander te woon nie, maar toon slegs die algemene prysverandering in elke stedelike gebied, onafhanklik van die ander. ('n Tussenstedelike vergelyking van pryspeile word wel by geleentheid deur die Sentrale Statistiekdiens getref en gepubliseer.)

#### VERBRUIKERSPRYSGROEPINDEKSE

Die verbruikersprysgroepindekse word beskikbaar gestel ten einde die gebruiker in staat te stel om die verloop van spesifieke goedere en dienste se pryse vir 'n bepaalde doel aan te wend. Sodoende dien, byvoorbeeld, die groepindeks "openbare vervoer" as 'n aanduiding van die gemiddelde verandering in die prys wat (sê) pendelaars vir openbare vervoer moet betaal. Hierdie groepindekse kan verder aangewend word om 'n "verbruikersprysindeks" vir 'n bepaalde individu of groep individue saam te stel deur slegs die groepindekse wat in die beson-

course of prices more in respect of the higher income group, than in the case of the other income groups. Besides the relatively basic needs and luxury goods and services, the remaining part of the "basket" represents approximately 31 per cent for all three income groups. The indices of the different income groups inevitably reflect the difference in the composition of the respective "baskets" of goods and services.

#### INDEX ACCORDING TO AREAS (CITIES)

In order to make provision for possible geographic differences in spending preferences, as well as the course of prices, a consumer price index is calculated for each of the twelve main urban areas in the country. It must be noted, however, that these indices do not allow inter-urban comparisons of price levels or "living-costs" since the levels for all the urban areas were set at 100 in the base period. The indices, therefore, do not indicate whether it is more expensive to live in one city than another, but indicate only the general price changes in each urban area, independently of the others. (An inter-urban comparison of price levels is prepared and published on occasion by the Central Statistical Service.)

#### CONSUMER PRICE GROUP INDICES

The consumer price group indices are made available in order to allow the user to apply the movement of prices of specific goods and services for a particular purpose. Thus, for example, the group index "public transport" serves as an indication of the average change in the price that (say) commuters have to pay for public transport. These group indices can, furthermore, be applied to compile a "consumer price index" for a particular individual or group of individuals by using as components only those group indices which are regarded as



iere geval toepaslik geag word, as komponente te gebruik. So 'n indeks kan saamgestel word deur die betrokke groeindekse met hul toepaslike gewigte te vermenigvuldig en die som van hierdie waardes te deel deur die som van die gewigte wat gebruik is. Toepaslike gewigte kan, byvoorbeeld, ook gevind word deur van die inkomstegroepe se gewigte gebruik te maak. Die tegniek word vervolgens geïllustreer deur 'n hipotetiese indekswaarde vir maand X te bereken wat van toepassing sal wees op individue in byvoorbeeld die laerinkomstegroep en wat slegs voedsel, klerasie, skoeisel, behuising en openbare vervoer omvat:

suitable in this particular instance. Such an index can be compiled by multiplying the group indices concerned by their appropriate weights and dividing the sum of these values by the sum of the weights which were used. Appropriate weights can, for example, be obtained by utilising the weights for the income groups. The technique is illustrated below by calculating a hypothetical index value for month X which is applicable to an individual in, for example, the lower income group and which consists of only food, clothing, footwear, housing and public transport:

| Tipe goedere en dienste | Groeindekswaarde vir maand X/<br>Group index value for month X | Gewig ten opsigte van laerinkomstegroep/<br>Weight in respect of lower income group | Indeks-<br>waarde<br>x gewig/<br>Index<br>value<br>x weight | Type of goods and services |
|-------------------------|--|---|---|----------------------------|
| Voedsel                 | 188,6  | 35,27   | 6 651,922   | Food                       |
| Klerasie                | 184,4  | 6,08  | 1 121,152   | Clothing                   |
| Skoeisel                | 166,6  | 1,80  | 299,880   | Footwear                   |
| Behuising               | 225,4  | 17,33   | 3 906,182   | Housing                    |
| Openbare vervoer        | 213,1  | 5,81  | 1 238,111   | Public transport           |
| Totaal                  | -  | 66,29   | 13 217,247  | Total                      |

Die betrokke indekswaarde vir maand X is derhalwe  $\frac{13\ 217,247}{66,29} = 199,4$

The required index value for month X is therefore  $\frac{13\ 217,247}{66,29} = 199,4$

**SEISOENSAANGEPASTE INDEKSE**

**SEASONALLY ADJUSTED INDICES**

**Doel van seisoensaanpassing**

**The purpose of seasonal adjustment**

Die Verbruikersprysindeks (en sy komponente) is 'n tydreeks wat veranderinge in verbruikerspryse oor tyd meet. 'n Tydreeks (veral 'n ekonomiese tydreeks) weerspieël gewoonlik die saamgestelde uitwerking van die onderliggende seisoenale, langtermyn-, konjunktuur- en toevallige faktore wat dit kan beïnvloed. Hierdie faktore word gewoonlik die tydreekskomponente, wat die waardes van 'n tydreeks uitmaak, genoem.

The Consumer Price Index (and its components) is a time series which measures changes in consumer prices over time. A time series (especially an economic time series) normally reflects the combined effects of the underlying seasonal trend, cyclical and irregular factors which may influence it. These factors which form the values of a time series are usually referred to as the components of the time series.

Die seisoenskommeling in 'n tydreeks is daardie skommeling wat gewoonlik neig om elke jaar omtrent dieselfde tyd en met dieselfde omvang voor te kom. Dit kan die resultaat wees van invloede van die klimaat of ander sosiale en kommersiële gebruike (byvoorbeeld die broodprys wat gewoonlik elke jaar in Oktober hersien word).

Sakelui, ekonome en navorsers stel dikwels daarin belang om te bepaal of die waardes vir die jongste (sê) maand of jongste paar maande van 'n tydreeks moontlik dui op 'n verandering in die langtermynbeweging of dat 'n "draaipunt" in die konjunkturgolf straks bereik is. 'n Korttermynverandering in die verloop van 'n indeks kan moontlik bloot die resultaat van seisoensinvloede wees, terwyl sommige dit aan van die ander faktore sal wil toeskryf. Dit kan dus gebeur dat verskille tussen opeenvolgende (sê) maandwaardes van 'n tydreeks bloot aan seisoensinvloede toegeskryf sou kon word, waar sommige dit andersins straks 'n ander betekenis sou wou toeken. Die primêre doelwit met seisoensaangepassing is om die invloed van 'n seisoenskomponent, wat jaarliks op 'n sekere tydstip (pe) herhaal word, uit te skakel sodat die onderliggende neiging (dit is die langtermynbeweging en konjunkturgolwe) duideliker waargeneem kan word. 'n Seisoensaangepaste tydreeks sal dus relatief minder fluktuasies of ~~skommelings~~ skommelings openbaar.

Die Sentrale Statistiekdiens maak met die ontleding van tydreekse (dit is die proses waarmee gepoog word om die bogenoemde moontlike komponente van 'n tydreeks afsonderlik te isoleer) gebruik van die X-11-tegniek wat deur die Amerikaanse "Bureau of the Census" ontwikkel is. Omdat 'n verandering in die koers van verkoopbelasting beskou kan word as 'n toevalligheid waarvan die invloed op 'n toepaslike tydreeks bekend is, is verkoopbelasting vir die doeleindes van die berekening van die seisoensfaktore, nie in ag geneem nie; met

Seasonal fluctuations in a time series are those fluctuations which usually tend to occur at about the same time and with the same magnitude each year. This may be the result of climatic influences or other social and commercial habits (e.g. the price of bread which is usually revised in October each year).

Businessmen, economists and researchers are often interested to determine whether the values of the latest (say) month or the latest few months of a time series, possibly indicate a change in the trend or perhaps whether a "turning point" in the business cycle has been reached. A short-term change in the course of an index may merely be the result of seasonal influences, while some might want to attribute this to one or more of the other factors. It may thus happen that while differences between successive (say) monthly values of a time series could be attributed to seasonal influences some may want to attach another interpretation to it. The primary objective of a seasonal adjustment is to eliminate the influence of the seasonal component which recurs at the same time(s) each year so that the underlying tendency (that is the trend and cyclical movement) can be observed more clearly. A seasonally adjusted time series will thus show relatively few fluctuations or variations.

In the analysis of time series (this is a process whereby it is endeavoured to isolate the components of a time series separately) the Central Statistical Service makes use of the X-11 technique which was developed by the American Bureau of the Census. As a change in the rate of sales tax can be regarded as an irregularity to which the influence on an applicable time series is known, sales tax has, for the purpose of calculation of the seasonal factors, not been taken into account, in other words the seasonal factors are based on

ander woorde, die seisoensfaktore is bereken op grond van indekse wat saamgestel is uit pryse waarby verkoopbelasting nie bygetel is nie. Die seisoensfaktore is egter toegepas of die seisoensaangepaste is gedoen op die indekse wat wel verkoopbelasting, waar van toepassing, insluit. Weens die beperkte tyd waarin die betrokke statistiese nussberig altyd voorberei moet word, is daar besluit om nie die seisoensfaktore op 'n lopende grondslag te bereken en onmiddellik toe te pas nie, maar dit wel vir een maand vooruit deur te voer. Die jongste maand se seisoensaangepaste indekse sal derhalwe bereken word met die vooruitgeskatte seisoensfaktore wat gebaseer is op 'n tydreeksontleding tot en met die vorige maand se data. Seisoensaangepaste indekse sal egter een maal per jaar hersien word, en wel gedurende Januarie van elke jaar.

Die gebruikswaarde van seisoensaangepaste prysindekse.

Indien belang gestel word in die (sê) maandelikse veranderings in 'n tydreeks (soos 'n prysindeks) wat 'n statisties-betekenisvolle seisoenskomponent bevat, behoort die betrokke seisoensaangepaste tydreeks daarvoor gebruik te word. (Daar kan daarop gelet word dat indien die jaarlikse veranderings in 'n prysindeks van belang is, soos wat die geval met die berekening van die jaarlikse inflasiekoers is, speel die seisoensinvloed geen rol nie en word die nie-seisoensaangepaste indekse sonder meer aangewend.)

Origens wissel die gebruikswaarde van die Verbruikersprysindeks na gelang van die tipe gebruiker daarvan:

- So sal, byvoorbeeld, 'n ekonoom wat ekonomiese tendense wil ontlee die Verbruikersprysindeks anders toepas as 'n prokureur wat die indeks wil aanwend vir die aanpassing van 'n toelaag wat in 'n egskeidingsgeding toe-

indices which are compiled from prices before sales tax has been added. The seasonal factors are applied, or the seasonal adjustments are done on indices which include sales tax, where applicable. Due to the limited time in which the relative statistical news release is always prepared, it has been decided not to calculate seasonal factors concurrently, applying them immediately, but to calculate and apply them one month in advance. The seasonally adjusted indices for the latest month will therefore be calculated with projected seasonal factors which are based on a time series analysis of data up to and including the previous month. Seasonally adjusted indices, however, will be revised annually in January of each year,

The use of seasonally adjusted price indices.

If the (say) monthly changes in a time series (such as a price index) which include a statistically significant seasonal component are of interest, the appropriate seasonally adjusted time series ought to be used. (It should be noted that if the annual changes in a price index are of interest, as is the case with the calculation of the annual rate of inflation, the seasonal effect has no influence and the non-seasonally adjusted indices can be applied.)

The use of the Consumer Price Index otherwise varies according to the type of user:

- An economist who wishes to analyse economic trends will, for instance, apply the Consumer Price Index in a different manner than an attorney who wishes to calculate the escalation of maintenance granted in a divorce

gestaan is. Eersgenoemde gebruiker sal eerder die seisoens-aangepaste indekse gebruik, terwyl in die tweede geval (waar werklike stygings van belang is) van die onaangepaste indekse gebruik gemaak sal word.

- Waar die geskiedkundige verloop van die indekse gebruik word om vooruitskattings te maak, is die seisoensaangepaste indekse die aangewese indeks om te gebruik, terwyl by die aanpassing van byvoorbeeld kontrakte waar die werklike verandering in verbruikerspryse in aanmerking geneem moet word, die onaangepaste indekse meer aangewese sal wees.

#### ANDER GEBRUIKE VAN DIE INDEKS

Die indeks word algemeen as 'n ekonomiese indikator gebruik. Aangesien die indeks die algemene verandering in pryse meet, kan dit verder gebruik word om die uitwerking van prysveranderinge by ander statistieke te elimineer - 'n tegniek wat as deflering bekend staan en wat syfers lewer "teen konstante pryse" of "in reële terme". So, byvoorbeeld, kan kleinhandelverkope vir verskillende periodes gedefleer word om aan te dui of enige verandering plaasgevind het in die werklike hoeveelhede goedere wat verkoop is. Net so kan gemiddelde salarisse en lone gedefleer word om aan te dui of lewenstandaarde oor die algemeen verbeter het al dan nie. 'n Soortgelyke toepassing is die berekening van die koopkrag van die rand, wat in wese die omgekeerde van die indeks is. Ten einde die koopkrag van bedrae betaalbaar in die toekoms te beskerm, word bedrae soms "gekoppel" aan die indeks, sodat indien pryse styg, die betrokke bedrag ook sal styg. Sulke aanpassingsbepalings word byvoorbeeld in huurkontrakte en in onderhoudskikkings (wat in egskeidingsgedinge ontstaan) gevind.

#### GEWIGTE

Om die samestelling van die verskillende "mandjies" goedere en

case. The former should rather make use of the seasonally adjusted indices, while in the latter instance (where the actual increases are of importance), the non-adjusted indices should be used.

- Where the historical course of the indices is used to make projections, the seasonally adjusted indices would be the proper indices to use, while for the adjustment of, for instance, contracts where the actual change in consumer prices is to be taken into account, the non-adjusted indices would be the more appropriate.

#### OTHER USES OF THE INDEX

The index is widely used as a general economic indicator. Since the index measures the general change in prices, it can further be used to eliminate the effects of price changes from other statistics - a technique called deflation and which yields figures "at constant prices" or "in real terms". So for example, retail sales figures for different periods can be deflated to indicate whether any change took place in the actual quantities of goods sold. Similarly average salaries and wages can be deflated to indicate whether the standard of living in general has changed or not. A related application is the calculation of the purchasing power of the rand, which is the converse of the index itself. In order to preserve the purchasing power of amounts payable at future dates such amounts are often "tied" to the index, so that should prices rise, the applicable amount also rises. Such escalation clauses can be found in, for example, rent contracts and maintenance orders (arising from divorce proceedings).

#### WEIGHTS

To elucidate the composition of the different "baskets" of goods and

dienste toe te lig, word hul relatiewe belangrikhede of "gewigte" hieronder getoon. Verdere toeliquing of advies wat benodig mag word oor die interpretasie en moontlike aanwending daarvan of van die Verbruikersprysindeks as sodanig, is beskikbaar van die Hoof: Sentrale Statistiekdiens, Privaatsak X44, Pretoria, 0001.

and services, their relative importance or "weights" is shown below. Further elucidation or advice which may be required regarding the interpretation or possible application thereof, or on the Consumer Price Index as such, is available from the Head: Central Statistical Service, Private Bag X44, Pretoria, 0001.

VERDRUIKERSPRYSINDEKS

CONSUMER PRICE INDEX

GEDETAILLEERDE GEWIGTE

DETAILED WEIGHTS

| Groep/Item   | Inkomstegroep<br>Income group |               |                  |                | Group/Item   |
|--|-------------------------------|---------------|------------------|----------------|--|
|  | Totaal<br>Total               | Laer<br>Lower | Middel<br>Middle | Hoër<br>Higher |  |
| ALLE ITEMS   | 100,00                        | 100,00        | 100,00           | 100,00         | ALL ITEMS  |
| Laerinkomstegroep  | 18,73                         | 100,00        | -                | -              | Lower income group   |
| Middelinkomstegroep  | 27,35                         | -             | 100,00           | -              | Middle income group  |
| Hoërinkomstegroep  | 53,93                         | -             | -                | 100,00         | Higher income group  |
| Handelsware  | 60,50                         | 68,19         | 65,09            | 55,50          | Commodities  |
| Dienste  | 39,50                         | 31,81         | 34,91            | 44,50          | Services   |
| 1. VOEDSEL   | 22,72                         | 35,27         | 26,87            | 16,26          | 1. FOOD  |
| 1.1 GRAANPRODUKTE  | 3,33                          | 5,95          | 4,00             | 2,09           | 1.1 GRAIN PRODUCTS   |
| Witbrood   | 0,60                          | 1,04          | 0,80             | 0,34           | White bread  |
| Bruin- en volkoringbrood   | 0,67                          | 1,59          | 0,80             | 0,29           | Brown and wholewheat bread   |
| Ander brood en broodrolle  | 0,15                          | 0,11          | 0,16             | 0,16           | Other bread and bread rolls  |
| Banketmeelblom   | 0,22                          | 0,34          | 0,29             | 0,14           | Cake flour   |
| Broodmeelblom  | 0,09                          | 0,26          | 0,12             | 0,03           | Bread flour  |
| Hawermout  | 0,07                          | 0,08          | 0,08             | 0,06           | Breakfast oats   |
| Graanvlokkies/ontbytgraan-<br>kosse  | 0,16                          | 0,05          | 0,12             | 0,21           | Corn flakes/breakfast cereals  |
| Mielie-meel  | 0,47                          | 1,31          | 0,56             | 0,13           | Mealie meal  |
| Sorghummeel  | 0,00                          | 0,01          | 0,00             | 0,00           | Sorghum meal   |
| Mielierys/stampmielies   | 0,08                          | 0,25          | 0,09             | 0,01           | Mealie rice/samp   |
| Rys  | 0,35                          | 0,61          | 0,48             | 0,19           | Rice   |
| Spaghetti, macaroni, ens.  | 0,09                          | 0,05          | 0,08             | 0,10           | Spaghetti, macaroni, etc.  |
| Beskuitjies  | 0,18                          | 0,09          | 0,16             | 0,22           | Biscuits   |
| Beskuit  | 0,04                          | 0,02          | 0,05             | 0,04           | Rusks  |
| Koek, terte, pasteie, ens.   | 0,08                          | 0,04          | 0,08             | 0,10           | Cake, tarts, pies, etc.  |
| Ander graanprodukte  | 0,08                          | 0,09          | 0,11             | 0,07           | Other grain products   |
| 1.2 VLEIS  | 7,71                          | 10,96         | 9,53             | 5,65           | 1.2 MEAT   |
| Vars - bees- en kalvsvleis   | 2,80                          | 4,53          | 3,34             | 1,93           | Fresh - beef and veal  |
| - skaap- en lamsvleis  | 1,63                          | 1,70          | 2,21             | 1,32           | - mutton and lamb  |
| - varkvleis  | 0,26                          | 0,19          | 0,26             | 0,28           | - pork   |
| - pluimvee (insluitende<br>bevore)   | 1,29                          | 2,26          | 1,72             | 0,73           | - poultry (including frozen)   |
| - boerewors  | 0,62                          | 0,87          | 0,81             | 0,43           | - boerewors  |
| - ander wors   | 0,13                          | 0,12          | 0,16             | 0,12           | - other sausage  |
| Spekvleis  | 0,11                          | 0,04          | 0,09             | 0,14           | Bacon  |
| Ham  | 0,06                          | 0,02          | 0,04             | 0,08           | Ham  |
| Ander koue vleis   | 0,31                          | 0,23          | 0,33             | 0,33           | Other cold meat  |
| Afval  | 0,24                          | 0,74          | 0,31             | 0,03           | Offal  |
| Ander vleis en vleisprodukte   | 0,26                          | 0,26          | 0,28             | 0,25           | Other meat and meat products   |
| 1.3 VIS EN ANDER SEEKOS  | 0,67                          | 0,67          | 0,71             | 0,65           | 1.3 FISH AND OTHER SEAFOOD   |
| Vars of verkoel  | 0,21                          | 0,20          | 0,26             | 0,18           | Fresh or chilled   |
| Bevore   | 0,18                          | 0,04          | 0,14             | 0,24           | Frozen   |
| Gerook, gedroog en gesout  | 0,03                          | 0,03          | 0,03             | 0,03           | Smoked, dried and salted   |
| Ingemaakte vis   | 0,20                          | 0,36          | 0,22             | 0,12           | Tinned fish  |
| Vissmeer   | 0,03                          | 0,04          | 0,04             | 0,03           | Fish paste   |
| Ander vis  | 0,04                          | 0,00          | 0,02             | 0,05           | Other fish   |
| 1.4 MELK, KAAS EN EIERS  | 2,16                          | 2,43          | 2,44             | 1,93           | 1.4 MILK, CHEESE AND EGGS  |
| Vars melk  | 0,92                          | 0,87          | 0,94             | 0,92           | Fresh milk   |
| Kaas   | 0,31                          | 0,14          | 0,29             | 0,38           | Cheese   |
| Gekondenseerde/ingedampte/<br>gesteriliseerde melk                           | 0,15                          | 0,29          | 0,21             | 0,07           | Condensed/evaporated/steri-<br>lized milk                                |
| Melkpoeier   | 0,19                          | 0,25          | 0,24             | 0,14           | Milk powder  |
| Ander melkprodukte (inslui-<br>tende verromers, verwit-<br>ters en mengsels) | 0,27                          | 0,39          | 0,32             | 0,22           | Other milk products (includ-<br>ing creamers, whiteners<br>and mixtures) |
| Eiers  | 0,33                          | 0,48          | 0,43             | 0,22           | Eggs   |
| 1.5 VETTE EN OLIES   | 1,06                          | 1,41          | 1,29             | 0,82           | 1.5 FATS AND OILS  |
| Rotter   | 0,07                          | 0,04          | 0,07             | 0,08           | Butter   |
| Vette  | 0,03                          | 0,09          | 0,03             | 0,01           | Fats   |
| Kook- en slaaiolie   | 0,40                          | 0,67          | 0,54             | 0,24           | Cooking and salad oil  |
| Margarien  | 0,47                          | 0,48          | 0,52             | 0,43           | Margarine  |
| Grondboontjebotter   | 0,09                          | 0,13          | 0,12             | 0,06           | Peanut butter  |

VERBRUIKERSPRYSINDEKS  
GEDETAILLEERDE GEWIGTE

-14-

CONSUMER PRICE INDEX  
DETAILED WEIGHTS

| Groep/Item  | Inkomstegroep<br>Income group |               |                  |                | Group/Item                                  |
|---|-------------------------------|---------------|------------------|----------------|---|
|   | Totaal<br>Total               | Laer<br>Lower | Middel<br>Middle | Hoer<br>Higher |   |
| 1.6 VRUGTE EN NEUTE                               | 1,49                          | 2,01          | 1,67             | 1,23           | 1.6 FRUIT AND NUTS                          |
| Sagtevrugte                                       | 0,35                          | 0,48          | 0,35             | 0,29           | Deciduous fruit                             |
| Subtropiese vrugte                                | 0,35                          | 0,51          | 0,40             | 0,26           | Subtropical fruit                           |
| Sitrusvrugte                                      | 0,34                          | 0,68          | 0,46             | 0,16           | Citrus fruit                                |
| Ander vars vrugte                                 | 0,06                          | 0,05          | 0,05             | 0,06           | Other fresh fruit                           |
| Ingemaakte vrugte                                 | 0,07                          | 0,04          | 0,07             | 0,09           | Canned fruit                                |
| Gedroogde/versuikerde vrugte                      | 0,05                          | 0,02          | 0,03             | 0,07           | Dried/crystallised fruit                    |
| Vrugtesappe                                       | 0,21                          | 0,17          | 0,22             | 0,22           | Fruit juices                                |
